# Hey!
# Brokkies Nuus
# Maart 2013

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Prefekte tot Paasfees in Maart !

**'n Paar hoogtepunte hierdie maand:**

**1.Lawrencia primêr** Dit het nou 'n jaarlikse instelling geword dat Hey! **prefekte balkies** laat maak en **oorhandig** aan die leerders tydens 'n funksie waar die hele skool teenwoordig is. Dit was baie spesiaal en hoewel net 'n kort tydjie daarvoor geskeduleer was met die besige skoolprogram het dit 'n heerlike oggend geword waar sommer met die sang– en ander talent van die kinders gespog is en is daar ook heerlik gesing is. Jong leiers van more met Jesus aan hul kant sal sukses behaal!



Lawrencia se trotse prefekte. Mag hul ligte vir Jesus skyn in die donker wêreld!



Lochnerhof: dankie aan al die vrywilligers ☺

**3.Lochnerhof se groepleiers** is bietjie bederf tydens 'n oggendtee waartydens Niël Steinmann hierdie getroue mans en dames wie soveel van hulself gee kom motiveer en bedank het. Ons mense is vir ons baie belangrik! Almal is met 'n glimlag daar weg, versterk deur die gedagte dat elkeen hier 'n rol speel om geestelik in die kinders in te bou en dat dit beslis 'n verskil gaan maak. Sy analogieë met die leeus is deur almal geniet! Dankie Niël..

**3.Hoe God ons gelei het deur proses van groei sodat Hey! nou van gr RR tot 7 met gemak kan bedien. Ons deel graag die hoofpunte en vra gebed daarvoor spesifiek!**

**1.**Die uniekheid lê daarin dat Hey! interkerklik is en dat **grRR tot gr7 elk met hul eie Bybel kurrikulum** bedien kan word by skole of gemeenskap waar geleentheid gebied word. 'n Pad kan met kinders gestap word en evangelisering en dissipelmaking kan soveel meer effektief wees.

**2.**Aangesien ons met diverse groep werk: kinders uit baie **agtergeblewe omgewing** bv. Bloekombos plakkerskamp tot **gegoede skole** in Wes-Kaap weet ons nou wat werk waar .

**3.**Ons besef dat ons **heeltyd moet aanpas by tendense** en sensitief moet bly vir ons teikengroepe-dis deel van die sukses van Hey!

**4.**Ons moet altyd onthou dat ons met kinders werk en dat hulle **leer deur te speel** en die **pret element** is vir ons belangrik!

**5.**Die feit dat ons **op die kinders se vlak moet daal en kind kan wees met hulle is van uiterste belang!**



Opgewonde klein Lochieland!



"Hy het opgestaan!" verklaar die jong kinders van Rustenhofplaas



Blaauwklippen kry Bybels!



Hoop vir kinders by De Hoop: brille en ore -luister na God en kyk met Sy ♥ oë na ander

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**